


**THE PROVINCE OF
GAUTENG**



**DIE PROVINSIE
GAUTENG**

Provincial Gazette Extraordinary Buitengewone Provinciale Koerant


Selling price • Verkoopprys: **R2,50**
Other countries • Buitelands: **R3,25**

Vol. 9

PRETORIA, 5 MARCH
MAART 2003

No. 77

We all have the power to prevent AIDS



AIDS

HELPLINE

0800 012 322

DEPARTMENT OF HEALTH

Prevention is the cure



CONTENTS

No.	Page No.	Gazette No.
-----	----------	-------------

LOCAL AUTHORITY NOTICE

377 Town-planning and Townships Ordinance (15/1986): Ekurhuleni Metropolitan Municipality: Declaration as approved township: Meyersdal Extension 28	3	77
-----------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------	---	----

LOCAL AUTHORITY NOTICE

LOCAL AUTHORITY NOTICE 377

EKURHULENI METROPOLITAN MUNICIPALITY

DECLARATION AS APPROVED TOWNSHIP

In terms of section 103 of the Town-planning- and Townships Ordinance, 1986 (Ordinance No 15 of 1986), the Ekurhuleni Metropolitan Municipality hereby declares the township Meyersdal Extension 28, to be an approved township, subject to the conditions set out in the Schedule hereto.

SCHEDULE

CONDITIONS UNDER WHICH THE APPLICATION MADE BY R AND D PROJECTS (PTY) LIMITED UNDER THE PROVISIONS OF THE TOWN-PLANNING AND TOWNSHIPS ORDINANCE, 1986 (ORDINANCE 15 OF 1986), FOR PERMISSION TO ESTABLISH A TOWNSHIP ON PORTION 252 (A PORTION OF PORTION 2) OF THE FARM KLIPRIVIERSBERG 106 IR, PROVINCE GAUTENG, HAS BEEN GRANTED.

1. CONDITIONS OF ESTABLISHMENT

(1) NAME

The name of the township shall be Meyersdal Extension 28.

(2) DESIGN

The township shall consist of erven and streets as indicated on Plan SG No 4531/2002.

(3) STORMWATER DRAINAGE AND STREET CONSTRUCTION

(a) The Township Owner shall on request by the local authority submit to such authority for its approval a detail scheme complete with plans, sections and specifications, prepared by a civil engineer approved by the local authority, for the collection and disposal of stormwater throughout the township by means of properly constructed works and for the construction, tarmacadamising, kerbing and channelling of the streets therein together with the provision of such retaining walls as may be considered necessary by the local authority. Furthermore the scheme shall indicate the route and gradient by which each erf gains access to the street on which it abuts.

- (b) The Township Owner shall, when required by the local authority to do so, carry out the approval scheme at its own expense on behalf and to the satisfaction of the local authority under the supervision of a civil engineer approved by the local authority.
- (c) The Township Owner shall be responsible for the maintenance of the streets to the satisfaction of the local authority until the streets have been constructed as set out in subclause (b).
- (d) If the Township Owner fails to comply with the provisions of paragraphs (a), (b) and (c) hereof the local authority shall be entitled to do the work at the cost of the Township Owner.

4. DISPOSAL OF EXISTING CONDITIONS OF TITLE

All erven shall be made subject to existing conditions and servitudes, if any, including the reservation of rights to minerals, but excluding the following rights which shall not be passed on to the erven in the township:

- (a) Sekere Gedeelte van die gemelde plaas Klipriviersberg, groot 1715,6764 hektaar (waarvan die eiendom hiermee getransporteer 'n gedeelte vorm) is onderhewig aan 'n serwituit ten gunste van die Stadsraad van Johannesburg om 'n gedeelte groot 40 vierkante meter te gebruik om 'n transformatorhuisie daarop te bou tesame met 'n ewigdurende reg van toegang en gebruik, soos meer ten volle sal blyk uit Notariële Akte van Serwituit 33/1947 S.
- (b) Die voormalige Resterende Gedeelte van die gemelde plaas Klipriviersberg, groot 1556,720 hektaar (waarvan die eiendom hiermee getransporteer 'n gedeelte vorm) is onderhewig aan 'n ewigdurende reg van weg vir die lê of oprigting en onderhoud van 'n elektriese kraglyn daaroor ten gunste van die Stadsraad van Johannesburg, soos meer ten volle sal blyk uit Notariële Akte van Serwituit 167/1952 S.
- (c) Die voormalige Resterende Gedeelte van Gedeelte 2 van gemelde plaas Klipriviersberg, groot 1556,7209 hektaar (waarvan die eiendom hieronder gehou 'n gedeelte vorm) is onderhewig aan die reg verleen aan die Elektrisiteitsvoorsieningskommissie om elektrisiteit oor die eiendom te vervoer, tesame met bykomende regte en onderhewig aan kondisies, soos meer ten volle sal blyk uit Notariële Akte van Serwituit 1008/1958 en kaart daaraan geheg.

- (d) Die voormalige Resterende Gedeelte van Gedeelte 2 van gemelde plaas Klipriviersberg, groot 1514,6849 hektaar (waarvan die eiendom hieronder getransporteer 'n gedeelte vorm) is geregtig om die volgende regte teen Gedeelte 130 ('n gedeelte van Gedeelte 2) van gemelde plaas, groot 42,0361 hektaar, gehou kragtens Akte van Transport 11646/1965 gedateer 1 April 1965, af te dwing –
- (i) dat die genoemde gedeelte slegs vir 'n reservoir en daarmee gepaardgaande doeleindeste gebruik;
 - (ii) dat, indien enigsins moontlik die uitloop en/of oorloopwater van enige reservoir na die vallei aan die noordekant van die genoemde gedeelte gevoer word.
- (e) Die Resterende Gedeelte van die gemelde plaas Klipriviersberg 106, Registrasieafdeling IR, groot 1514,6849 hektaar (waarvan die eiendom hieronder gehou 'n gedeelte vorm) is onderhewig aan 'n serwituit om gas te lei deur middel van pyphyne met meegaande regte ten gunste van Gaskor soos volledig sal blyk uit Notariële Akte 1088/1967S geregistreer op 31 Augustus 1967.
- (f) Onderhewig aan 'n serwituit om elektrisiteit oor die eiendom te vervoer met bykomende regte ten gunste van die Elektrisiteitsvoorsienings-kommissie soos meer volledig sal blyk uit Notariële Akte 797/1969S, geregistreer op 19 Junie 1969.
- (g) "n Pyphynserwituit ten gunste van die Republiek van Suid-Afrika in sy Administrasie van Spoorweë en Hawens en gesedeer aan die Suid Afrikaanse Spoorweë en Hawens tesame met meegaande regte soos meer ten volle sal blyk uit Notariële Akte van Sessie K388/1972S soos aangedui op Kaart A 7582/7"
- (h) The Remaining Extent of Portion 2 of the farm Klipriviersberg (a portion whereof is hereby transferred) is subject to the following condition:
- 'n Ewigdurende reg van water oor of deur die eiendom te neem en vervoer tesame met meegaande regte ten gunste van Randwaterraad, soos meer ten volle sal blyk uit Notariële Akte van Serwituit 482/1957S
- (i) 'n Ewigdurende Serwituit ten gunste van die Waterraad om water te neem en te voer deur middel van pyleidings oor die volgende gebiede-
 - (i) 1554 vierkante meter groot soos bepaal deur die figuur ABC op Serwituitkaart LG A 7685/1980; en
 - (ii) 365 vierkante meter groot soos bepaal deur die figuur ABC op Serwituitkaart LG A 7686/1980 en met bykomende regte, soos meer ten volle sal blyk uit die gemelde Notariële Akte K 2848/81S, geregistreer op 30 September 1981.
 - (j) 'n Serwituit vir municipale doeleindeste op 'n gebied 2 meter wyd, soos meer ten volle sal blyk uit Notariële Akte K960/85S, geregistreer op 10 April 1985 en Kaart LG A2947/84 daarby aangeheg.

- (k) (i) 'n Ewigdurende reg van weg, 10 meter wyd
- (ii) 'n Ewigdurende serwituut van pyleiding, agt meter wyd; ten gunste van die Stadsraad van Alberton met meegaande regte soos meer volledig sal blyk uit Notariële Akte van Serwituut K3493/87S geregistreer op 1 Oktober, 1987.
- (l) 'n Pyplynserwituut ten opsigte van pyplyne reeds gelē en wat gelē mag word ten gunste van die Randwaterraad tesame met meegaande regte, soos meer ten volle sal blyk uit Notariële Akte L1512/1972S.
- (m) 'n Ewigdurende Reg van Oorpad ten gunste van die Stadsraad van Johannesburg met die reg om die serwituutgebied ewigdurend vir riole en/of vloedwaterriole te gebruik tesame met meegaande regte, soos meer ten vole sal blyk uit Notariële Akte K1432/1973S, geregistreer op 1 Oktober 1973 en Kaart 1903/1971 daarby aangeheg.
- (n) 'n Serwituut ten gunste van die Randwaterraad tesame met meegaande regte om water te neem en te voer oor deur binneklemde eiendom deur middel van pyleiding binne 'n strookgrond 5631 vierkante meter en 2453 vierkante meter aangedui deur figure ABCDEF en ABCDEFGH op Kaart LG A 1500/83 en LG A 1501/83 onderskeidelik soos meer volledig sal blyk uit Notariële Akte K 485/91S, geregistreer op 5 Februarie 1991.
- (o) 'n Pyplynserwituut ten opsigte van pyplyne reeds gelē en wat gelē mag word ten gunste van die Randwaterraad, aangedui deur die figuur ABCde op Kaart LG 3268/1994 hierby aangeheg soos meer ten volle sal blyk uit Notariële Akte K1511/1972S, geregistreer op 28 November 1972.
- (p) 'n Serwituut 3,78 vierkante meter ten gunste van die Stadsraad van Johannesburg, aangedui deur die figuur fghijkGHIf op Kaart LG 3268/1994 hierby aangeheg en soos meer ten volle sal blyk uit Notariële Akte K 744/1964S, geregistreer op 10 Julie 1979.
- (q) Kragtens endorsement gedateer 10 Junie 1966 op Akte van Transport Nr. 18797/1962 is die eiendom hieronder getransporteer onderhewig aan die onteiening van 'n pyplyn serwituut ten gunste van die Republiek van Suid-Afrika in sy Administrasie van Spoorweë en Hawens soos meer volledig sal blyk uit kennisgewing van onteiening gebêre by gemelde Akte van Transport.
- (r) Subject to a Right of Way in perpetuity 3,66 metres wide in favour of the City Council of Johannesburg as will more fully appear from Notarial Deed of Servitude No. K744/1964S.

2.5 Endowment

The township owner shall in terms of Section 98 (2) and (3) of the Town Planning and Townships Ordinance 1986 pay a lump sum endowment to the Council for the provision of land for public open space.

2. CONDITIONS OF TITLE

The erven mentioned hereunder shall be made subject to the conditions as indicated, imposed by the local authority in terms of the provisions of the Town-planning and Townships Ordinance, 1986 (Ordinance 15 of 1986).

(1) ALL ERVEN

- (a) All erven shall be subject to a servitude, 2m wide in favour of the local authority, for sewerage and other municipal purposes, along any two boundaries other than a street boundary and in the case of a panhandle erf, an additional servitude for municipal purposes 2m wide across the access portion of the erf, if and when required by the local authority: Provided that the local authority may dispense with any such servitude.
- (b) No building or other structure shall be erected within the aforesaid servitude area and no large-rooted trees shall be planted within the area of such servitude or within 2m thereof.
- (c) The local authority shall be entitled to deposit temporarily on the land adjoining the aforesaid servitude such material as may be excavated by it during the course of the construction, maintenance or removal of such sewerage mains and other works as it, in its discretion may deem necessary and shall further be entitled to reasonable access to the said land for the aforesaid purpose subject to any damage done during the process of the construction, maintenance or removal of such sewerage mains and other works being made good by the local authority.

CIVIC CENTRE
ALWYN TALJAARD AVENUE
ALBERTON
NOTICE NO 14/2003.....
A2B0182MD28
11 FEBRUARY 2003

P MASEKO
CITY MANAGER

PLAASLIKE BESTUURSKENNISGEWING 377**EKURHULENI METROPOLITAANSE MUNISIPALITEIT****VERKLARING TOT GOEDGEKEURDE DORP**

Ingevolge artikel 103 van die Ordonnansie op Dorpsbeplanning en Dorpe, 1986 (Ordonnansie 15 van 1986), verklaar die Ekurhuleni Metropolitaanse Munisipaliteit hierby die dorp Meyersdal Uitbreiding 28 tot 'n goedgekeurde dorp, onderworpe aan die voorwaardes uiteengesit in die Bylae.

BYLAE

VOORWAARDES WAAROP DIE AANSOEK GEDOEN DEUR R & D PROJECTS (PTY) LIMITED INGEVOLGE DIE BEPALINGS VAN DIE ORDONNANSIE OP DORPSBEPLANNING EN DORPE, 1986, OM TOESTEMMING VAN 'N DORP TE STIG OP GEDEELTE 252 ('N GEDEELTE VAN GEDEELTE 2) VAN DIE PLAAS KLIPRIVIERSBERG 106 IR, PROVINSIE GAUTENG, TOEGESTAAN IS.

1. STIGTINGSVOORWAARDES**(1) NAAM**

Die naam van die dorp is Meyersdal Uitbreiding 28.

(2) ONTWERP

Die dorp bestaan uit erwe en strate soos aangedui op Algemene Plan LG No 4531/2002.

(3) VLOEDWATERDREINERING EN STRAATBOU:

- (a) Die dorpseienaar moet op versoek van die plaaslike bestuur aan sodanige plaaslike bestuur 'n gedetailleerde skema, volledig met planne, deursnee en spesifikasies, opgestel deur 'n siviele ingenieur wat deur die plaaslike bestuur goedgekeur is, vir die opgaar en afvoer van vloedwater deur die hele dorp deur middel van behoorlik aangelegde werke en vir die aanlê, teermacadamisering, beranding en kanalisering van die strate daarin tesame met die verskaffing van sodanige keermure as wat die plaaslike bestuur nodig ag, vir goedkeuring voorlê. Verder moet die skema die roete en helling aandui deur middel waarvan elke erf toegang tot die aangrensende straat verkry.

- (b) Die dorpseienaar moet, wannneer die plaaslike bestuur dit vereis, die goedgekeurde skema op eie koste namens en tot bevrediging van die plaaslike bestuur, onder toesig van 'n siviele ingenieur deur die plaaslike bestuur goedgekeur, uitvoer.
 - (c) Die dorpseienaar is verantwoordelik vir die instandhouding van die strate tot bevrediging van die plaaslike bestuur totdat die strate ooreenkomsdig subklousule (b) gebou is.
 - (d) Indien die dorpseienaar versium of aan die bepalings van paragrawe (a), (b) en (c) hiervan te voldoen, is die plaaslike gestuur geregtig om die werk op koste van die dorpseienaar te doen.
- (4) Alle erwe moet onderworpe gemaak word aan bestaande voorwaardes en serwitute, indien enige, met inbegrip van die voorbehoud van die regte op minerale, maar uitgesonderd die volgende regte wat nie die dorpsgebied raak nie:
- (a) Sekere Gedeelte van die gemelde plaas Klipriviersberg, groot 1715,6764 hekaar (waarvan die eiendom hiermee getransporteer 'n gedeelte vorm) is onderhewig aan 'n serwituit ten gunste van die Stadsraad van Johannesburg om 'n gedeelte groot 40 vierkante meter te gebruik om 'n transformatorhuisie daarop te bou tesame met 'n ewigdurende reg van toegang en gebruik, soos meer ten volle sal blyk uit Notariële Akte van Serwituit 33/1947 S.
 - (b) Die voormalige Resterende Gedeelte van die gemelde plaas Klipriviersberg, groot 1556,720 hekaar (waarvan die eiendom hiermee getransporteer 'n gedeelte vorm) is onderhewig aan 'n ewigdurende reg van weg vir die lê of oprigting en onderhoud van 'n elektriese kraglyn daaroor ten gunste van die Stadsraad van Johannesburg, soos meer ten volle sal blyk uit Notariële Akte van Serwituit 167/1952 S.
 - (c) Die voormalige Resterende Gedeelte van Gedeelte 2 van gemelde plaas Klipriviersberg, groot 1556,7209 hekaar (waarvan die eiendom hieronder gehou 'n gedeelte vorm) is onderhewig aan die reg verleen aan die Elektrisiteitsvoorsieningskommissie om elektrisiteit oor die eiendom te vervoer, tesame met bykomende regte en onderhewig aan kondisies, soos meer ten volle sal blyk uit Notariële Akte van Serwituit 1008/1958 en kaart daaraan geheg.

- (d) Die voormalige Resterende Gedeelte van Gedeelte 2 van gemelde plaas Klipriviersberg, groot 1514,6849 hektaar (waarvan die eiendom hieronder getransporteer 'n gedeelte vorm) is geregtig om die volgende regte teen Gedeelte 130 ('n gedeelte van Gedeelte 2) van gemelde plaas, groot 42,0361 hektaar, gehou kragtens Akte van Transport 11646/1965 gedateer 1 April 1965, af te dwing –
- (i) dat die genoemde gedeelte slegs vir 'n reservoir en daarmee gepaardgaande doeleindeste gebruik;
 - (ii) dat, indien enigsins moontlik die uitloop en/of oorloopwater van enige reservoir na die vallei aan die noordekant van die genoemde gedeelte gevoer word.
- (e) Die Resterende Gedeelte van die gemelde plaas Klipriviersberg 106, Registrasieafdeling IR, groot 1514,6849 hektaar (waarvan die eiendom hieronder gehou 'n gedeelte vorm) is onderhewig aan 'n serwituit om gas te lei deur middel van pyppyne met meegaande regte ten gunste van Gaskor soos volledig sal blyk uit Notariële Akte 1088/1967S geregistreer op 31 Augustus 1967.
- (f) Onderhewig aan 'n serwituit om elektrisiteit oor die eiendom te vervoer met bykomende regte ten gunste van die Elektrisiteitsvoorsienings-kommissie soos meer volledig sal blyk uit Notariële Akte 797/1969S, geregistreer op 19 Junie 1969.
- (g) "n Pypplynserwituit ten gunste van die Republiek van Suid-Afrika in sy Administrasie van Spoorweë en Hawens en gesedeer aan die Suid Afrikaanse Spoorweë en Hawens tesame met meegaande regte soos meer ten volle sal blyk uit Notariële Akte van Sessie K388/1972S soos aangedui op Kaart A 7582/7"
- (h) The Remaining Extent of Portion 2 of the farm Klipriviersberg (a portion whereof is hereby transferred) is subject to the following condition:
- 'n Ewigdurende reg van water oor of deur die eiendom te neem en vervoer tesame met meegaande regte ten gunste van Randwaterraad, soos meer ten volle sal blyk uit Notariële Akte van Serwituit 482/1957S
- (i) 'n Ewigdurende Serwituit ten gunste van die Waterraad om water te neem en te voer deur middel van pyleidings oor die volgende gebiede–
 - (i) 1554 vierkante meter groot soos bepaal deur die figuur ABC op Serwituitkaart LG A 7685/1980; en
 - (ii) 365 vierkante meter groot soos bepaal deur die figuur ABC op Serwituitkaart LG A 7686/1980 en met bykomende regte, soos meer ten volle sal blyk uit die gemelde Notariële Akte K 2848/81S, geregistreer op 30 September 1981.
 - (j) 'n Serwituit vir munisipale doeleindeste op 'n gebied 2 meter wyd, soos meer ten volle sal blyk uit Notariële Akte K960/85S, geregistreer op 10 April 1985 en Kaart LG A2947/84 daarby aangeheg.

- (k) (i) 'n Ewigdurende reg van weg, 10 meter wyd
(ii) 'n Ewigdurende serwituut van pypleiding, agt meter wyd; ten gunste van die Stadsraad van Alberton met meegaande regte soos meer volledig sal blyk uit Notariële Akte van Serwituut K3493/87S geregistreer op 1 Oktober, 1987.
- (l) 'n Pyplynserwituut ten opsigte van pyplyne reeds gelē en wat gelē mag word ten gunste van die Randwaterraad tesame met meegaande regte, soos meer ten volle sal blyk uit Notariële Akte L1512/1972S.
- (m) 'n Ewigdurende Reg van Oorpad ten gunste van die Stadsraad van Johannesburg met die reg om die serwituutgebied ewigdurend vir riele en/of vloedwaterriole te gebruik tesame met meegaande regte, soos meer ten vole sal blyk uit Notariële Akte K1432/1973S, geregistreer op 1 Oktober 1973 en Kaart 1903/1971 daarby aangeheg.
- (n) 'n Serwituut ten gunste van die Randwaterraad tesame met meegaande regte om water te neem en te voer oor deur binnegemelde eiendom deur middel van pypleiding binne 'n strookgrond 5631 vierkante meter en 2453 vierkante meter aangedui deur figure ABCDEF en ABCDEFGH op Kaart LG A 1500/83 en LG A 1501/83 onderskeidelik soos meer volledig sal blyk uit Notariële Akte K 485/91S, geregistreer op 5 Februarie 1991.
- (o) 'n Pyplynserwituut ten opsigte van pyplyne reeds gelē en wat gelē mag word ten gunste van die Randwaterraad, aangedui deur die figuur ABCde op Kaart LG 3268/1994 hierby aangeheg soos meer ten volle sal blyk uit Notariële Akte K1511/1972S, geregistreer op 28 November 1972.
- (p) 'n Serwituut 3,78 vierkante meter ten gunste van die Stadsraad van Johannesburg, aangedui deur die figuur fghijkGHif op Kaart LG 3268/1994 hierby aangeheg en soos meer ten volle sal blyk uit Notariële Akte K 744/1964S, geregistreer op 10 Julie 1979.
- (q) Kragtens endorsement gedateer 10 Junie 1966 op Akte van Transport Nr. 18797/1962 is die eiendom hieronder getransporteer onderhewig aan die onteiening van 'n pyplyn serwituut ten gunste van die Republiek van Suid-Afrika in sy Administrasie van Spoorweë en Hawens soos meer volledig sal blyk uit kennisgewing van onteiening gebêre by gemelde Akte van Transport.
- (r) Subject to a Right of Way in perpetuity 3,66 metres wide in favour of the City Council of Johannesburg as will more fully appear from Notarial Deed of Servitude No. K744/1964S.

(5) BEGIFTIGING

Die dorpseienaar sal ingevolge die bepalings van artikel 98(2) en (3) van die Ordonnansie op Dorpsbeplanning en Dorpe, 1986, 'n bedrag aan die plaaslike bestuur betaal as begiftiging vir die voorsiening van grond vir openbare oopruimte.

2. TITELVOORWAARDES

Die erwe hieronder genoem is onderworpe aan die voorwaardes soos aangedui, opgelê deur die plaaslike bestuur ingevolge die bepalinge van die Ordonnansie op Dorpsbeplanning en Dorpe, 1986 (Ordonnansie 15 van 1986).

(1) ALLE ERWE

- (a) Alle erwe is onderworpe aan 'n serwituut 2m breed, vir riolerings en ander munisipale doeleinde, ten gunste van die plaaslike bestuur, langs enige twee grense, uitgesonderd 'n straatgrens en, in die geval van 'n pypsteelerf, 'n addisionele serwituut vir munisipale doeleinde 2m breed oor die toegangsgedeelte van die erf, indien en wanneer verlang deur die plaaslike bestuur. Met dien verstande dat die plaaslike bestuur van enige sodanige serwituut mag afsien.
- (b) Geen geboue of ander struktuur mag binne die voornoemde serwituutgebied opgerig word nie en geen grootwortelbome mag binne die gebied van sodanige serwituut of binne 'n afstand van 2m daarvan geplant word nie.
- (c) Die plaaslike bestuur is geregtig om enige materiaal wat deur hom uitgegrawe word tydens die aanleg, onderhoud of verwydering van sodanige rioolhoofpypge-leiding en ander werke wat hy volgens goeddunke noodsaaklik ag, tydelik te plaas op die grond wat aan die voornoemde serwituut grens en voorts is die plaaslike bestuur geregtig tot redelike toegang tot genoemde grond vir die voornoemde doel, onderworpe daaraan dat die plaaslike bestuur enige skade vergoed wat gedurende die aanleg, onderhoud of verwydering van sodanige rioolhoofgeleidings en ander werke veroorsaak word.

BURGERSENTRUM
ALWYN TALJAARD-LAAN
ALBERTON
KENNISGEWING NO ..14/2003
A2B0180MD28
11 FEBRUARIE 2003

P MASEKO
STADSBESTUURDER

IMPORTANT NOTICE

The
Gauteng Provincial Gazette Function
will be transferred to the
Government Printer in Pretoria
as from 2nd January 2002

NEW PARTICULARS ARE AS FOLLOWS:

Physical address:

Government Printing Works
149 Bosman Street
Pretoria

Postal address:

Private Bag X85
Pretoria
0001

New contact persons: Awie van Zyl Tel.: (012) 334-4523
Mrs H. Wolmarans Tel.: (012) 334-4591

Fax number: (012) 323-8805

E-mail address: awvanzyl@print.pvv.gov.za

Contact persons for subscribers:

Mrs S. M. Milanzi Tel.: (012) 334-4734
Mrs J. Wehmeyer Tel.: (012) 334-4753
Fax.: (012) 323-9574

This phase-in period is to commence from November 2001 (suggest date of advert) and notice comes into operation as from 2 January 2002.

Subscribers and all other stakeholders are advised to send their advertisements directly to the **Government Printing Works**, two weeks before the 2nd January 2002.

*In future, adverts have to be paid in advance
before being published in the Gazette.*

HENNIE MALAN

Director: Financial Management
Office of the Premier (Gauteng)

Dog ate your Gazette? ... read it online



www.SA Gazzettes.co.za

A new information Portal keeping you up to date with news, legislation, the Parliamentary programme and which is the largest pool of SA Gazette information available on the Web.

- Easily accessible through the www!
 - Government Gazettes - from January 1994
 - Compilations of all Indexes pertaining to the past week's Government Gazettes
 - All Provincial Gazettes - from September 1995
 - Parliamentary Bills - as of January 1999
- Available in full-text, with keyword searching
- Sabinet Online scans, formats, edits and organize information for you. Diagrams and forms included as images.
- No stacks of printed gazettes - all on computer. Think of the storage space you save.
- Offers Bill Tracker - complementing the SA Gazzettes products.

For easy electronic access to full-text gazette info, subscribe to the SA Gazzettes from Sabinet Online. Please visit us at www.sagazettes.co.za

Sabinet
Online

Tel: (012) 643-9500, Fax: (012) 663-3543, Toll free: 0800 11 8595, e-mail: corporate@sabinet.co.za, www: <http://corporate.sabinet.co.za>



*Looking for back copies and out of print issues of
the Government Gazette and Provincial Gazettes?*

The National Library of SA has them!

Let us make your day with the information you need ...

National Library of SA, Pretoria Division
PO Box 397
0001 PRETORIA
Tel.: (012) 321-8931, Fax: (012) 325-5984
E-mail: infodesk@nlsa.ac.za



*Soek u ou kopieë en uit druk uitgawes van die
Staatskoerant en Provinciale Koerante?*

Die Nasionale Biblioteek van SA het hulle!

Met ons hoef u nie te sukkel om inligting te bekom nie ...

Nasionale Biblioteek van SA, Pretoria Divisie
Posbus 397
0001 PRETORIA
Tel.: (012) 321-8931, Faks: (012) 325-5984
E-pos: infodesk@nlsa.ac.za

